NUUSBRIEF BRANDPUNT

Uitgawe 21 JULIE 2022

WENNERS van JUNIE se kamera fotos

Facebook - Brandpunt Fotoklub
www.brandpuntfotoklub.co.za

NICK VAN DER MESCHT - Senior - Ope - Loco Driver

REDAKTRISE— KARIN VAN DER MESCHT

WENNERS van JUNIE se kamera fotos

MICHAEL FEISTEL - Senior - Tema - Striped Solitude

WENNERS van JUNIE se kamera fotos

EUGENE DU PLESSIS - Ope - Tranquility

WENNERS van JUNIE se kamera fotos

JUDY JOUBERT - Junior - Tema - Kelly pose

WENNERS van JUNIE se SELFOON fotos

NICK VAN DER MESCHT - Ope - Toliara Botes

WENNERS van JUNIE se SELFOON fotos

HANNES BRONKHORST – Tema- Ford Ranger Racing

SALONNE

2022 - 07 - 02 WITZENBERG

2022 - 07 - 16 KOSMOS

2022 - 07 - 30 BLOEMFONTEIN

2022 - 08 - 13 PRETORIA

2022 - 08 - 27 BOSVELD





KLUB VERGADERINGS 2022

12 JULIE OP ZOOM - 19H00 - TEMA - ABSTRAK

KAMERAFOTOS (4)

Naskrif…….SLUITINGSDATUM 10 JULIE 23h59!!!!!!

26 JULIE OP ZOOM - 19H00 - TEMA - KOSFOTOGRAFIE

SELFOONFOTOS (3)

Naskrif…..SLUITINGSDATUM 24 JULIE 23h59!!!!!

ALBERTON KAMERAKLKLUB NOOI ONS UIT

SHUTTER CHATTER

EERSTE DINSDAG VAN ELKE MAAND

BRANDPUNT FOTOKLUB

Klubaand - TEMAS 2022 - Kamera/Selfoon/Tablet

Julie - Abstrak

Augustus - Foto van ‘n brug oor ’n rivier of stroompie

September - Portret van ‘n man of vrou (dink uit die boks)

Oktober - Veldblomme

November - Straatfotografie



Selfoonaand - TEMAS 2022 - Selfone

Julie - Kosfotografie

Augustus - Diere of mense se oë

September - Bome

Oktober - Blomme en vetplante

November - Die vorm S (Kron-kelpaaie)

VERJAARSDAGLYS VIR JULIE

Veels geluk aan ons medefotograwe met hulle verjaarsdae.

12/7 Trevor Borcherds

14/7 Amanda Gerber

PSSA IMPALA LYS VIR DIE JAAR 2021/2022 - tot en met PSSA Internasionale Salon

NAAM	GRADERING	POSISIE	PSSA PUNTE	KLUB	Beweging op Posisie	Vorige Posisie
Amanda Gerber	6	487	7	BRANDPUNT	6	493
Salomie Lyons	5	426	11	BRANDPUNT	- 19	407
Marinda van Heerden	4	420	11	BRANDPUNT	- 17	403
Albertino Goncalves	5	404	11	BRANDPUNT	- 21	383
Diane Goncalves	5	156	44	BRANDPUNT	9	165
Hannes Bronkhorst	5	140	48	BRANDPUNT/BOKSBURG	- 13	127
Michael Feistel	6	101	67	BRANDPUNT	19	120
Karin van der Mescht	4	103	65	BRANDPUNT	2	105
Nick van der Mescht	4	87	72	BRANDPUNT	- 1	86
LEDE WAT ONDER ANDER KLUBS INSKRYF						
Gert de Beer		776	2	CENTURION CC	- 1	775
Elsa van Dyk	9	216	30	HARTIES	38	254
Judy Joubert	3	235	27	SSCC	12	247

WINKELTJIE

KAMERAZ.COM

CAMERAWORLD.CO.ZA

PINTEREST.COM

NIKONSCHOOL.CO.ZA

TIK TOK

YOU TUBE

INSTAGRAM

PSSA

Nikon 18 — 55mm R700

Nikon 55 — 200 mm R1000

Nikon 55 — 200 mm VR 1200

Totaal vir 3 lense - R2900

KONTAK TINA JONKER 076 914 6309

Daar is toerusting te koop - wil jy graag jou man of vrou of kinders betrek by foto-grafie, dan is dit nou die tyd. Groot *Winskopies*!!!!

Die totale aanbod is 'n absolute winskopie. Dit is skaars gebruik.

Nikon D3100, body , Kabel, battery laaier, Nikon battery, boks - R1800

Nikon lens 18-55mm af-p dx - R2500

TOTAAL - R4300

KONTAK AMANDA GERBER 083 285 6081.

<u>TE KOOP—MAAK JOU AANBOD (Diane 073 160 41730)</u>

FUJIFILM FINEPIX S KAMERA MET ‘N SAK

Kry die familie om saam met jou fotos te begin neem.

Hier is die ideale kans.

Hierdie was ‘n skenking aan BRANDPUNT.

TERUGBLIK OP DIE EERSTE SES MAANDE VAN 2022

- Twee van ons komitee lede, Johan van Rensburg en Elize Damon het bedank uit die komitee en klub maar ons het drie nuwe puik fotograwe - Eugene du Plessis, Judy Joubert en Gert de Beer bygekry.
- Karin en Peter Thomas het vir ons 'n Vonk Fotografie geleentheid gereel onder die brug op die Meyers se plaasgrond.
- Ons eerste uitstappie saam met Alberton Kameraklub was na die Chinese Nuwejaar Karnaval.
- 'n Paar klublede het gaan fotos neem by die Russiese Kerk en die Turkse Moskee in Midrand en ook by ander plekke van aanbidding.
- 'n Monochrome werkswinkel was aangebied deur VPS en van ons lede het dit bygewoon.
- Brandpuntfotoklub was aangewys om die Suidelike Gauteng Streek se jaarlikse Kongres dag aan te bied op die 10de September 2022 by Klipriver Country Estate naby Meyerton.
- Ons jaarlikse fotojag kompetisie se tema, Plekke van Aanbidding wat deur Terry Grobler voorgestel was, was 'n groot sukses. Meeste lede het moeite gedoen om kerke af te neem reg oor die land. Die prysuitdeling het plaasgevind by Nick en Karin van der Mescht se woning en Nick het hom goed van sy taak gekwyt met die voorlegging van die fotos. Groot pryse was uitgedeel.
- In Mei was daar 'n lugskou in Parys (Vrystaat) en lede het dit geniet om weer vliegtuie en helikopters af te neem na die Covid inperkings.
- Alberton Kamera Klub nooi Brandpuntfotoklub se lede uit om op die eerste Dinsdag van elke maand saam met hulle op Zoom "Shutter Chatter" te kyk. Dit word 'n gereelde instelling.
- Ons Brandpuntlede se opleiding word deur Michael Feistel op Zoom aangebied die 4de Dinsdag van elke maand saam met die Selfoon fotos en hy doen goeie werk met die opleiding.

- Peter Thomas help ook met lede opleiding uit sy studio.
- Ewe skielik het die AV gogga gebyt en lede leer hoe om ‘n AV aanmekaar te sit op die PTE program.‘n Eerste vir Brandpuntfotoklub se lede.
- Ons kan spog dat ons lede soos Peter en Michael het wat hulle tyd en kennis met ons kan deel.
- Die afgelope ses maande was daar baie moeite gedoen om aan salonne deel te neem en Brandpuntfotoklub is tans 26ste uit 100 klubs op die Impala Premier lys vir 2021/2022.
- Baie dankie vir elke lid se bydrae; van Johan Potgieter, wat nou na die klub se finasies omsien en sy Sekretariele pligte moet nakom, tot by die lede wat gevra was om te beoordeel.
- Ek vind dat elke lid met graagte help.

Baie dankie en kom ons hou so aan. Nou vir die volgende ses maande!

Diane Gonçalves